# Nuwe terrorisme

DAAR is 'n sterk vermoede dat op straat in Suid-Afrika terroriste rondloop. Hulle is daarop uit om jong Blankes met Vigs-besmette messe en skerp voorwerpe te steek, veral op die arms, as deel van 'n skrikveldtog.

Die vermoede word versterk omdat dit in die eerste plek oorwegend jong Blanke vroue is wat die slagoffers van sulke aanvalle word. Die feit dat hulle veral in die arms gesteek word, is veelseggend omdat daar ewe gemaklik 'n messteek na die lyf toegedien kan word. Die aanvaller(s) verdwyn tussen die voetgangers en is moeilik daarna opspoorbaar.

My advies is dat vroue nie op hulle eie in strate loop waar daar 'n opeenhoping van mense is nie.

Dit is besonder teleurstellend dat mediese fondse weier om vir medisyne wat Vigs bestry, te betaal. Hier is daar egter sterk aanduidings van 'n opsetlike aansteking wat beslis nie die skuld van die pasiënt is nie.

Verdermeer, Suid-Afrikaners het vir dekades verpligte versekering moes betaal vir skuld van welke aard ookal wat deur terrorisme veroorsaak is. Hierdie gelde is in SASRIA se rekening opgepot.

By 'n ondersoek wat ek 'n aantal jare gelede gedoen het, was die opgehoopte fondse reeds 'n hele paar miljard rand. Hierdie miljarde het ontstaan omdat daar, teen die verwagting in, relatief min terrorisme onder die Blanke bewind plaasgevind het.

Die vraag wat met reg gevra kan word is wat met hierdie miljarde gedoen is of daarmee beoog word.

Dit is vanselfsprekend dat hierdie miljarde die eiendom is van die mense wat wetlik verplig was om Sasria-versekering te betaal. Motor- en ander versekering het die Sasria-premie sondermeer by die normale premie gevoeg en dit aan Sasria oorgedra.

Daar is min twyfel dat terrorisme teen Blankes, soos die moord op boere, die afbrand van plase, die vermoedelike verspreiding van Vigs onder jong mense, ens, 'n klaarblyklike politieke grondslag het.

In die lig van die terreur in die VSA kan ook wandade teen boere en Blanke vroue in Suid-Afrika as 'n sinistere vorm van terreur beskou word. Hiervoor kan Sasria beslis aangespreek word.

Dit is inderdaad bitter noodsaaklik dat hierdie nuwe terrorisme onder die ANC-bewind as terreurdade beskou word.

Terselfdertyd word dit belangtrik dat Sasria aan die publiek verantwoording doen oor die miljarde wat opgepot is. Persone wat nou slagoffers van neo-terrorisme was of word, behoort Sasria vir vergoeding te kan nader.